

29 Junie

**Skrifgedeelte: Filippense 3:1-15
Fokusgedeelte: Filippense 3:10-12**

Ken Hom as Here!

Dit is duidelik dat daar iets dinamies is in Christenwees! Christene is mense wat bereid is om iets af te staan, iets prys te gee, van iets ontslae te raak en terselfdertyd mense wat bereid is om hulleself in te span, om iets na te jaag, om iets vas te gryp en dit hulle eie te maak. Jesus het ons immers gegryp en syne gemaak toe Hy Homself aan die kruis vir ons as offer gegee het. Sy aksie, die krag en dinamiek van sy Middelaarswerk en die uitstorting van sy Gees in die lewe van sy eiendom, bring almal wat in ware geloof aan Hom behoort ook tot aksie, toewyding en oorgawe.

Alhoewel die meeste van ons se lewe heeltemal anders verloop het as dié van Paulus, ruk ons Here ons ook uit enige mate van valse gerustheid wat ons kan hê. Ons het nie dieselfde valse redes as Paulus om op te vertrou nie (vs 5, 6), maar ons het ook baie meer as net 'n paar slechte gewoontes om van ontslae te raak as ons Christus werklik wil ken as die Here wat opgestaan en die mag van die dood vir ons en in ons verbreek het.

As ons ons saligheid bou op herkoms of tradisie of goeie werke of kerklike verbintenis of enige ander valse rede, moet ons dit ook maar eers as nikswerd gemors erken en daarvan ontslae raak, anders sal ons ook nie weet wat dit beteken om Jesus as enigste Verlosser te ken nie. Die Heilige Gees maak ons vry van al die valse gerustheid en bring ons in beweging om met oorgawe die belewing van die krag van die Here, wat die dood oorwin het, te soek.

Moenie alleen voel as u sy krag nog nie so beleef nie! Hy moedig ons huis aan om ons daarvoor in te span en dit te wil vasgryp in ons lewe. Hy het ons syne gemaak, sodat ons alles wat nie inpas in ons verhouding met Hom nie, kragtig kan verwerp en uit ons lewe kan uitsny. Alles! Sodat ons met oorgawe ons sal inspan om Hom te ken as die Here deur Wie ons vrede met God het.

Sing: Psalm 84:5 (1936)

Ds. GNV Botha (Emeritus, Randburg)